NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante – No 12 – Mei 2007

Benader oorlewing van die boerdery strategies

Suid-Afrika is tans in 'n droogtewurggreep en die seisoen het vir die meerderheid graanprodusente 'n ramp geword. Landboubestuursdienste het 'n paar riglyne saamgestel oor hoe 'n produsent moontlik die droogte kan oorleef.

Akkerboukundig

- Beheer winteronkruide direk na stroop meganies met skoffels. Dit kan ook voor stroop tussen die rye gedoen word as hulle te groot gaan word tot en met stroop.
- Beplan vir 'n substansiële oppervlakte oorlêlande – verkieslik minstens een derde. Die produksierisiko op droë grondprofiele is besonder hoog.
- Dit is nou tyd vir die voorlopige mieliesaadbestellings.
- Beplan vir 'n laer plantestand op die droë grondprofiele.
- Kies meerkoppige kultivars wat in die westelike saaigebiede van die land aangepas is.
- Kies kultivars wat onder laer potensiaalvlakke stabiel produseer.
- Produsente wat op spoorverkeer is, moet hulle trekkerspore behou om die volgende seisoen goedkoop te kan bewerk.
- Begin strategieë vir die nuwe seisoen formuleer. Landboubestuursdienste kan die produsent hiermee bystaan.
- In droër jare is die regte aanwending van grondtipes, volgens die grondeienskappe en potensiaal, van groot belang. Plase waarop grondkartering nog nie uitgevoer is nie, moet nou gedoen word – kontak Landboubestuursdienste.

Veekundig

- Sorg moet gedra word dat die koeie se kondisie nie gedurende die winter afneem nie, aangesien hulle steeds in September tot November gaan kalf.
- Die diere moet reeds op 'n winterlek wees, aangesien die veld tans 'n lae proteïeninhoud het.
- Bemark alle surplusdiere (speenkalwers, osse, ekstra vervangingsverse en ou koeie) so gou as moontlik indien voer nie voldoende sal wees gedurende die winter nie.
- Benut die beskikbare ruvoer so goed as moontlik. Om vermorsing uit te skakel, kan LS 33 daaroor gespuit word. Die diere sal die materiaal dan alles optel. Die LS 33 kan op hooi en weidings gespuit word.
- Indien die kondisie te veel afneem, kan 'n produksielek addisioneel aan die diere gevoer word om die kondisie te handhaaf.
- Ontwurm alle diere en spuit vitamien A en multimin voor die winter.

Weidings

- Benut eers die droë mielies wat nie gestroop kan word nie en daarna die weiding wat vir die winter gereserveer is. Dit sal vermorsing op die lande tot 'n minimum beperk.
- Indien die winterweiding nie voldoende sal wees nie, koop ruvoer (bale gras-, peulplanthooi en oesreste) betyds aan.

Landbou-ekonomie

- Volg 'n konserwatiewe bestedingsbeleid.

Na bl. 2

Sien jou by die Oesdag!

NWK sal vanjaar weer deel wees van een van die hoogtepunte op die jaarlikse landboukalender: die NAMPO Oesdag.

Besoek gerus NWK se stalletjie van 15 - 18 Mei in die NAMPO-saal. Personeel van die volgende afdelings sal by die stalletjie vir navrae beskikbaar wees: Graandienste, Landboubestuursdienste, Handel, Graanbemarking, Meganisasie, Kredietfinansiering, Kunsmisbemarking, Noordfed en Noordwes Voere.

Die bekendstelling van Noordwes Voere se nuwe Opti-reeks vind ook tydens die Oesdag plaas en 'n daaglikse kompetisie met pryse ter waarde van R1 500 gaan hiermee gepaard.

NWK
U tevredenheid is ons trots

Grondbone: agterskotte en nuwe seisoen voorskotte

Die verwerking en bemarking van die 2006/2007-grondbonepoele is afgehandel en agterskotte is reeds aan die poeldeelnemers uitbetaal.

Volgens Johan Vorster (bestuurder: Grondbone en Inspektoraat) het NWK weer eens baie goeie resultate met die grondbonepoele behaal en die agterskotte was beduidend. Die agterskotbetalings en die impak daarvan op die totale realisasie van die twee poele, relatief tot vastepryse wat gedurende oestyd deur konkurrente betaal is, is soos in **Tabel 1**.

Vooruitsigte vir die nuwe seisoen

Alhoewel die prysvooruitsigte vir die komende seisoen baie goed lyk, plaas die huidige negatiewe produksieomstandighede 'n demper daarop. Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee word 'n grondbone-oes van slegs ongeveer 55 000 ton pitte vir die 2007/2008-leweringseisoen verwag. Die laer verwagte opbrengste word toegeskryf aan min reën tydens planttyd en die voortslepende droogte.

Internasionale pryse word op die 40/50 VSA Runner-prys, gelewer in Rotterdam, gebaseer. Binnelandse pryse word tans bepaal deur invoerpryse. Die R/$-wisselkoers speel 'n belangrike rol hierin. Uitvoerpryse word ook deur hierdie faktore bepaal. Die uitvoermark stel egter bepaalde vereistes met betrekking tot kwaliteit en dienslewering.

Met inagneming van bogenoemde het NWK die poelvoorskotpryse vir die lewering van grondbone vir die 2007/2008-seisoen bepaal (**Tabel 2**).

Die pryse geld vir die eerste 2 000 ton wat in die poele gesamentlik gelewer word. Produsente wat minimumpryskontrakte met NWK gesluit het, kan hul grondbone na die poele oordra.

Navrae

Vir enige navrae oor grondbonepryse, skakel Kobus van den Berg of Johan Vorster by (018) 633-1001.

Tabel 1: Agterskotbetalings en die impak daarvan op die totale realisasie van die twee poele, relatief tot vastepryse wat gedurende oestyd deur konkurrente betaal is (R/ton).

Item	Graad						
	Keur 40/50	Keur 50/60	Keur 60/70	Keur 70/80	Standaard	Diverse	Pers
Vastepryse*	3 800	3 800	3 800	3 400	3 000	2 500	1 500
Kommersiële poel: Voor- en middelskot	3 600	3 600	3 600	3 100	2 800	2 900	1 700
Agterskot	**1 150**	**1 150**	**1 150**	**1 650**	**1 450**	**660**	**550**
Totale realisasie (% van vasteprys)	4 750 (125%)	4 750 (125%)	4 750 (125%)	4 750 (140%)	4 250 (142%)	3 560 (142%)	2 250 (150%)
Saadpoel: Voor- en middelskot	3 800	3 800	3 800	3 300	2 900	3 000	1 700
Agterskot	**1 750**	**1 750**	**1 750**	**2 250**	**2 150**	**855**	**600**
Totale realisasie (% van vasteprys)	5 550 (146%)	5 550 (146%)	5 550 (146%)	5 550 (163%)	5 050 (168%)	3 855 (154%)	2 300 (153%)

**** Vastepryse wat in oestyd deur konkurrente betaal is.***

Tabel 2: Poelvoorskotpryse vir grondbone vir die 2007/2008-seisoen (R/ton).

Graad		Poel 1 *	Poel 2 **
Keur	- 40/50	4 600	4 140
	- 50/60	4 600	4 140
	- 60/70	4 600	4 140
	- 70/80	4 500	4 050
Standaard		4 200	3 780
Diverse		3 700	3 330
Pers		2 500	2 250

**** Saad- en kommersiële grondbone wat aan voedselveiligheidsvereistes voldoen.***
***** Saad- en kommersiële grondbone wat nie aan voedselveiligheidsvereistes voldoen nie.***

Vanaf bl. 1

Benader oorlewing strategies

- Indien daar finansiële druk weens lae oesverwagtings op die boerdery voorsien word, tree betyds met die Kredietdepartement en ander krediteure in verbinding.
- Begin om die boerdery se kontantvloeibegroting, nou tot en met die volgende oes, op te stel. Identifiseer daardeur tydperke van kontantvloeidruk betyds en reël om dit te finansier voordat dit die boerdery lamlê. Landboubestuursdienste se landbouekonome kan die produsent hiermee bystaan.
- Wees baie konserwatief met privaatonttrekkings uit die boerdery – kom met die minimum klaar.

Navrae

Indien u bystand verlang met die boerdery se finansiële bestuur, kontak Landboubestuursdienste se landbouekonome by (018) 633-1145.

'n Alternatief?

Produsente het in Maart die bekendstellingsdag van die roosmalva vir die vervaardiging van essensiële olies naby Coligny bygewoon. Daar is tans 'n tekort van 600 ton Geranium olie per jaar in die wêreld. Só 'n aanplanting is 'n alternatief wat 'n produsent se kontantvloei 'n hupstoot kan gee, maar dit is egter baie bestuursintensief.

Silotariewe vir die nuwe seisoen

Die silotariewe vir die 2007/2008-leweringseisoen is onlangs deur die direksie van NWK goedgekeur.

Volgens Jan Grobbelaar (direkteur: Graanbedryf) is die tariewe vasgestel met inagneming van die hoeveelheid graan wat die afgelope paar seisoene nie by NWK se silo's gelewer is nie en die potensiële effek van die huidige droogtetoestande op die finansiële posisie van graanprodusente.

"Die nuwe toegewings op tariewe, tesame met die kleiner oes van hierdie seisoen, gaan NWK se winste beslis negatief beïnvloed en daarom wil ons graag hê dat alle geproduseerde graan by NWK se silo's gelewer word om hierdie invloed te versag," het Jan gesê.

Nuwe tariewe

Die hanteringstariewe vir produkte wat in losmaat hanteer word, is vanaf 14% tot 33% laer as dié van die vorige seisoen.

Die plafonbedrae op die verskillende produkte is wel effens hoër, maar vir produsente wat hul graan vir 'n langer tydperk as drie maande ná lewering wil opberg, is daar vanjaar 'n opbergingsopsie beskikbaar teen 'n lae vaste opbergingstarief. Die effek hiervan is dat mielies vir die komende seisoen teen so min as R59/ton hanteer en opgeberg kan word, in plaas van verlede seisoen se R74/ton. Dit beteken 'n besparing van 20% vir die produsent.

In hierdie opsie word sonneblom vir net meer as R103/ton hanteer en opgeberg – wat 'n besparing van meer as 21% vir die produsent verteenwoordig.

Opbergingsopsie

Produsente moet verkieslik hul keuse ten opsigte van die opbergingsopsie (dagtarief of vastetarief) by lewering aandui. Lewerings in die leweringsrekening kan slegs op die dagtariefopsie plaasvind. Lewerings in die dagtariefopsie kan wel nadat graan gelewer is na die vastetariefopsie oorgedra word, maar enige opgehoopte dagtariefkoste kan nie teruggeskryf word nie.

Om die maksimum voordeel uit die vastetarief te behaal, moet die keuse reeds met lewering plaasvind. Die betaling van hanterings- en opbergingskoste op die leweringsrekening sal steeds uitgestel word tot en met die dag waarop daar met die graan gehandel word of 28 Februarie 2008. Die hanterings- en opbergingskoste van lewerings op die vastetariefopsie geskied in privaatopberging en word daarom reeds met lewering/oorplasing gefaktureer.

Volledige besonderhede oor die tariewe is ook by die naaste depot en NWK se hoofkantoor beskikbaar.

Die hanterings- en opbergingstariewe vir die 2007/2008-seisoen.

Produk	Hantering	Opberging	
		Dagtarief	Plafontarief
	(R/ton)	(R/ton/dag)	(R/ton)
Mielies	24	0,40	50
Sonneblom	42	0,80	80
Grondbone	50	0,85	95
Droë- & sojabone	42	0,41	60
Koring	34	0,48	50
Sorghum	30	0,45	50

Volgende vergadering

Die volgende direksievergadering van die maatskappy sal op 13 Junie vanjaar plaasvind.

Finansies

Aandelenuus

Die volgende NWK en NWK Beherend aandele het vanaf 1 Februarie tot 31 Maart vanjaar verhandel:

NWK Beperk

Aantal	Prys per aandeel
4 144	R3,55
4 174	R3,60
121 621	R3,70
32 853	R3,71
76 920	R3,80
977	R3,85
240 689	

NWK Beherend Beperk

Aantal	Prys per aandeel
6 775	R1,90
673	R1,91
110 795	R2,00
35 746	R2,05
153 989	

Belangstellende kopers en verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1158/1159 skakel indien hulle belangstel om aandele te koop of te verkoop.

Die verlede het geen ander waarde as om jou wysheid te leer vir die toekoms. Ons moenie wanhoop put uit jou berou of hoogmoed uit jou sukses nie.

– C.J. Langenhoven

DROOGTE RAAK OOK KREDIETWAARDIGHEID

Die seisoen se droogte gaan 'n geweldige impak op die betaalvermoë van produsente hê. Dit is aldus Willie Manders (bestuurder: Krediet).

"Die droogte gaan ook die kredietwaardigheid van produsente vir die nuwe seisoen beïnvloed. Ons sal individueel na elkeen se saak moet kyk en produsente word aangeraai om vroegtydig met ons te kom gesels sodat ons saam planne kan beraam vir die nuwe seisoen.

"Produsente het nou drie knellende jare agter die blad. Eers was daar die oorproduksie in 2004/2005 en swak pryse wat daarmee saamgegaan het; toe die plant-minder-aksie en graadprobleme van 2005/2006 en nou die droogte in 2006/2007," het Willie gesê.

Nuwe kredietwet raak jou

Die nuwe kredietwet tree op 1 Junie in werking. Alle finansiering wat daarna toegestaan word, word deur die wet gereguleer en alle vorms en voorskrifte moet daaraan voldoen.

Gewysigde NWK-aansoekvorms en -kontrakte sal by aanvang van die seisoen voltooi en aangegaan moet word. Alle aansoeke, wat maandrekenings, aansoeke teen aandele, huurkope en produksieaansoeke insluit, word deur die wet geraak.

"Ons doen 'n beroep op ons klante om geduldig te wees, aangesien die hoeveelheid papierwerk met kredietaansoeke gaan toeneem.

"Volledige finansiële inligting sal by klante verkry moet word alvorens lenings oorweeg kan word," het Willie Manders (bestuurder: Krediet) gesê.

Die Kredietdepartement sal binnekort met rekeninghouers in verbinding tree om die nuwe aansoeke te voltooi.

SEKURITEITS-WAARDES AANGEPAS

Die direksie het onlangs goedkeuring gegee dat die sekuriteitswaardes wat produsente vir produksiekrediet aanbied, aangepas word.

Die nuwe sekuriteitswaardes is soos volg:

- Grond se sekuriteitswaardes is verhoog
- Die notariële waarde (sekuriteit op los bates) is van 30% tot 20% afgeskaal
- NWK aandele se sekuriteitswaardes is soos volg aangepas:
  - NWK Beperk: R2,50 per aandeel
  - NWK Beherend: R1,30 per aandeel

Die nuwe sekuriteitswaardes is sedert 1 Maart vanjaar van krag.

Navrae

Vir verdere inligting skakel Willie Manders (bestuurder: Krediet) by (018) 633-1234.

Staking oor lone duur steeds voort

Die ontevredenheid oor loonverhogings het aanleiding gegee tot 'n staking deur personeellede wat lede is van die "Food and Allied Workers Union" (FAWU) by NWK en sy filiale.

Die staking, wat sedert 16 Maart plaasvind, is volgens Jan du Toit (bestuurder: Menslike Hulpbronne) 'n wettige staking.

"Die werknemers het die reg om binne wetlike prosedures aan die staking deel te neem. Die werknemers word egter nie betaal vir die tyd wat hulle staak nie en die beginsel van 'no work, no pay' geld," het Jan gesê.

Die hoofrede vir die staking is dat daar nie vanjaar op bedingingsraadvlak 'n ooreenkoms tussen NWK en die vakbond FAWU ten opsigte van loonverhogings bereik kon word nie. NWK het 'n 6% verhoging aangebied en die vakbond eis 7,5%. 'n Dooiepunt is met die onderhandelinge bereik.

"Die vakbond het die wetlike prosedures nagekom deur kennis te gee van die staking en die werknemers wat deur die vakbond verteenwoordig word, kan aan die wettige staking deelneem. Verskeie gesprekke is deur NWK met die vakbond gevoer om die geskil op te los, maar sonder sukses," aldus Jan. "Daar sal egter steeds gepoog word om met gesprekvoering van NWK se kant af die staking te probeer oplos."

'n Klein groepie werknemers het met die ter perse gaan van *NWK Koördinaat* reeds teruggekeer werk toe, maar die meerderheid staak nog steeds.

Onwettige bedrywighede

By Noordfed het die stakers onwettig begin optree deur tydelike werknemers te intimideer en vragmotors voor te keer om te verhoed dat daar met produksie en aflewerings voortgegaan kon word. 'n Dringende aansoek om 'n interdik is deur NWK by die arbeidshof ingedien en die interdik is op 10 April toegestaan. Dit verbied stakers om met dié onwettige bedrywighede voort te gaan.

Van die NWK-personeellede wat reeds sedert 16 Maart staak.

Koop en verkoop aandele só

NWK hanteer vanaf Desember verlede jaar self die aandeleverhandelingsfunksie ten opsigte van NWK- en NWK Beherend-aandele.

Belangstellende kopers en verkopers kan NWK se Sekretariaat by (018) 633-1158/1159 skakel. Sekretariaat sal dan die nodige inligting verkry en die vereiste dokumentasie (verhandelingsmandaat, opdrag om te koop of te verkoop) vir voltooiing aan die aandeelhouer stuur, tesame met 'n uiteensetting van die dokumentasie wat ingevolge die geldwasserywetgewing ingedien moet word. Geen transaksie kan plaasvind indien NWK nie oor die nodige FICA-dokumentasie beskik nie.

'n Aandeelhouer kan Sekretariaat ook persoonlik besoek vir die voltooiing van dokumentasie. Verhandeling vind gedurende weeksdae tussen 09:00 en 17:00 plaas.

Koop- en verkooppryse, asook besonderhede van die jongste transaksies, is op NWK se webwerf (*www.nwk.co.za*) beskikbaar – gaan na "NWK Aandele". Internetfasiliteite is by NWK se handelswinkels, graandepots en meganisasiebedryfspunte beskikbaar vir diegene wat nie oor internetfasiliteite beskik nie.

Hier beskikbaar

Die verhandelingsprosedure is ook op NWK se webblad beskikbaar en 'n volledige artikel oor die verhandelingsprosedure verskyn in die Mei/Junie-uitgawe van *Noordwes Nuus*.

Dít kan jou risiko help verskans

Die heersende klimaatstoestande laat elke produsent met gemengde gevoelens vir die 2007/2008-seisoen beplan.

Volgens Daan Hugo (versekeringsbestuurder) is inset- of produksiekoste vandag die produsent se grootste uitgawe: “Hy weet ook nie of hy dit via sy oesopbrengs gaan terugkry nie. Oesversekeraars het daarom ‘n produk ontwikkel wat hierdie risiko verskans.”

Insetkoste- of alle risiko-versekering verskans die produsent se risiko teen onbeheerbare natuurelemente en verskaf finansiële sekuriteit aan die finansierder, insetverskaffer en produsent.

Dekking in terme van hierdie polis word verskaf vir die verwagte tonnemaatopbrengs, gebaseer op langtermyn statistiek en grondontledings.

Teen watter risiko’s is die produsent gedek?

- Onbeheerbare natuurelemente
  - Droogte (uitgesluit gewasse onder besproeiing verbou)
  - Oormaat reën, verspoelings en sneeu
  - Ryp
  - Hael, brand en transito
  - Wind
- Alle onbeheerbare plantsiektes en insekplae wat tonnemaat verlies veroorsaak
- Graanverlies ten opsigte van mielies, koring en gars.

Daan verduidelik dat insetkosteversekering onderhewig is aan die toepassing van goeie boerderypraktyke. Oesverliese as gevolg van swak boerderypraktyke, nalatigheid of wanpraktyke sal nie gedek wees nie.

Sulke praktyke sluit die volgende in:

- Onbeheerde onkruid
- Die teenwoordigheid van vreemde materiaal wat graanverliese veroorsaak
- Aanplanting van nie-erkende kultivars
- Afwyking van aanbevole plantdatums soos per die LNR/saadmaatskappy

Die daling of styging in kommoditeitspryse word ook nie verseker nie.

Deurlopende monitering

Die monitering van boerderytoestande moet deurlopend deur die produsent en versekeraar gedoen word. Hiertydens word die oespotensiaal ook bepaal.

Waar kry jy die versekering?

Kontak jou plaaslike NWK versekeringsadviseur vir meer besonderhede.

Veldbrandtyd

Is jou brandbane in plek? Aanspreeklikheidsdekking in terme van die korttermynversekeringspolis is onderhewig aan die “National Veld and Forest Fire Act of 1998” (Brandwet). Die wet bepaal dat alle grondeienaars brandbane op die grense van hul eiendom moet aanbring. Die nie-voldoening daaraan is strafbaar.

Nuwe vooruitsigte vir Zeerust

NWK se direksie het beginselgoedkeuring vir die bou van ‘n nuwe handelswinkel op Zeerust gegee.

Henk le Roux (bestuurder: Handel en Kunsmis) verduidelik wat beplan word: “Ons wil graag alles op een perseel hê en gaan die nuwe handelswinkel op die perseel waar die store tans is, bou. Ons is besig met die goedkeuring van die bouplanne en hoop om voor die einde van die jaar die projek te voltooi.”

Na die voltooiing van die nuwe handelswinkel sal die ou gebou te koop wees.

KORINGSAAD VIR AFRIKA

Beoog jy om dié winter koring te plant? NWK Saad het verskeie kultivars teen mededingende pryse beskikbaar:

Koring vir besproeiing	Saaidigtheid	Planttyd
SST 806	110 – 130 kg/ha	10/6 – 10/7
SST 822	140 – 160 kg/ha	25/6 – 25/7
SST 876	110 – 130 kg/ha	10/6 – 10/7
CRN 826	100 – 120 kg/ha	10/6 – 10/7

Skakel Elmarie Jacobs of Lood de Beer by (018) 632-3014 of (018) 632-3023 om jou bestelling te plaas. Goeie korting word op vroeë bestellings gegee.

NWK Versekering gerekenariseer

NWK Versekeringsmakelaars het, in hul poging om steeds beter diens aan hul kliënte te lewer, ook hul takke op Coligny, Ottosdal, Delareyville, Sannieshof, Koster en Zeerust gerekenariseer. Dit beteken dat kliënte nou by die tak navraag oor polisse en eise kan doen. Die fasiliteit is tans slegs vir Mutual & Federal-polishouers beskikbaar, maar word eersdaags uitgebrei om ook ander versekeraars in te sluit. Susan Liebenberg van die Sannieshof-tak sal jou graag help.

Ander perseel nou vir Viljoenskroon

Viljoenskroon se meganisasiebedryfspunt het verhuis. Vanaf 1 April doen hulle besigheid vanuit die gebou oorkant die straat van waar hulle was.

NWK het die ou Boere Mecca-gebou gekoop en beplan om die gebou later op te gradeer. “Die nuwe perseel is heelwat groter as die gebou wat ons voorheen gehuur het – ons werkswinkelarea is byvoorbeeld nou dubbel so groot,” vertel Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie).

“Die feit dat NWK ‘n permanente perseel hier gekoop het, bevestig net weer eens NWK se verbintenis aan klante in die Viljoenskroon-area: NWK is ernstig om hier suksesvol te wees,” het hy gesê.

Besoek hulle gerus in Reitzstraat 10, Viljoenskroon.

Eksieperfeksie planter vir geenbewerking beskikbaar

Oorweeg jy dit om met 'n geenbewerkingstelsel op jou plaas te begin, maar weet nie watter planter die werk kan doen nie? NWK kan jou bystaan om die regte toerusting aan te skaf. Die Kuhn Metaza planters is beskikbaar deur NWK Meganisasie.

Die planters is primêr ontwikkel om in geenbewerkingsisteme gebruik te word, waar effektiewe penetrasie van die onversteurde grond, om die saad en kunsmis te plaas, van kardinale belang is.

Konvensionele planters is ook beskikbaar wat met die gewone bewerkingsmetodes gebruik kan word. NWK het reeds 'n aantal van hulle in die 2006 plantseisoen verkoop. "Die planter skakel ook goed in op kleiner plase, aangesien dit 'n goedkoper alternatief vir die klante bied," het Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) gesê. Die Kuhn Metaza plaatplanter-reeks is nou aangevul deur 'n vakuumplanter wat binnekort in Suid-Afrika beskikbaar sal wees.

Brasilië

Rovic & Leers, 'n verskaffer van NWK, voer die Kuhn Metaza planters vanaf Brasilië in. Kuhn, wat bekend is vir hulle snymasjiene en hooitoerusting, het die Metaza fabriek in Brasilië, wat in geenbewerkingtoerusting spesialiseer, gekoop en opgegradeer om aan Europese standaarde te voldoen.

Piet en Giel Lombaard (heelgoedere bemarker op Lichtenburg) was onlangs saam met ander verspreiders Brasilië toe, waartydens hulle die Kuhn Metaza fabriek besoek het. Volgens Piet pas 95% van die produsente in die suidelike gedeelte van Brasilië geenbewerking toe.

Hierdie planter word veral in geenbewerkingsisteme gebruik.

Bekostigbare stroper eersdaags binne jou bereik

'n Beperkte hoeveelheid nuwe CS 660 New Holland stropers sal eersdaags by NWK beskikbaar wees.

NWK Meganisasie se heelgoedere bemarkers en bedryfspuntbestuurders het onlangs 'n besoek aan die Port Elizabeth-omgewing gebring om die stroper onder praktiese werksomstandighede te sien. Hulle was baie beïndruk met die stroper se werkverrigting en het ook opleiding oor die stroper ontvang.

Kontak enige meganisasiebedryfspunt vroegtydig as jy in die CS 660 belangstel.

Die CS 660 New Holland stroper het 'n 207 kW enjin en 'n unieke "rotary separator" as standaard toerusting.

GRATIS GESKENK MET AANKOPE

Engen bied vanjaar weer 'n nasionale Engen smeermiddel-promosie by verskillende landboubesighede aan.

Koop nou enige 210-liter drom Engen smeermiddel by NWK en kry 'n 2 Watt Maglite flits of Gerber multitangstel ter waarde van R500 gratis. Die promosie het op 1 Februarie afgeskop en duur terwyl voorraad hou.

Spring gou om jou gratis flits of multitangstel by NWK te bekom!

Tekorte landswyd speel 'n rol in te min voorraad

Die landswye tekort aan sekere produkte, soos veral gaskoeldranke en blikkies vis, speel 'n rol in die voorraadtekort wat NWK se handelswinkels ervaar.

Volgens Henk le Roux (bestuurder: Handel en Kunsmis) poog hulle om die probleme betyds aan te spreek en te bestuur. "Ons is bewus daarvan dat daar van tyd tot tyd 'n tekort aan produkte op die rakke is. In 'n poging om ons voorraadvlakke by die handelswinkels op te stoot, het Handel 'n ooreenkoms met 'n nuwe grootmaat verskaffer aangegaan.

"Gesels gerus met jou winkelbestuurder indien jy probleme met voorraad het wat nie beskikbaar is nie," nooi Henk.

Versekering gaan vir goud

NWK het onlangs 'n "Gold achievement award" vir die "Best corporate broker" in die Klerksdorp-streek van Mutual & Federal ontvang. Daan Hugo (versekeringsbestuurder) ontvang trots die toekenning van Gerhard Booysen (streeksbestuurder: Mutual & Federal, Klerksdorp).

Opti-voere: nuwe reeks sien die lig

Noordwes Voere is van 1 Maart vanjaar weer 'n volfiliaal van NWK Beperk en spog ook met 'n nuwe produkreeks.

Volgens Pierré Lombard (algemene bestuurder: Noordwes Voere) gaan die nuwe reeks onder die Opti-naam bemark word.

Opti is 'n reeks wetenskaplik geformuleerde voere wat gemik is op die lewering van optimale resultate. Die reeks bestaan uit voer vir hoenders, melkbeeste, vleisbeeste, skape, varke, perde en volstruise. Noordwes Voere werk saam met 'n vooraanstaande voedingskundige-maatskappy in Suid-Afrika en verseker daardeur dat sy produkte spesifiek vir plaaslike omstandighede aangepas is.

Die Opti-reeks spog met nuwe verpakking wat tydens die NAMPO Oesdag bekend gestel sal word. Elke spesiegroep het 'n unieke kleurkode en kenteken op die sak wat identifikasie van die produk sal vergemaklik.

Opti-voere is beskikbaar by NWK en Senwes handelswinkels.

WEN **Besoek gerus NWK se stalletjie tydens die NAMPO Oesdag in die NAMPO-saal. Bona fide veeboere kan daagliks pryse ter waarde van R1 500 wen.**

Nuwe eienaar vir Nissan

Noordwes Nissan op Zeerust is nie meer in die NWK stal nie. Die motoragentskap is verkoop en is vanaf 1 Maart onder nuwe eienaarskap. Die grond en geboue word intussen aan die nuwe eienaar verhuur.

VOEL DIE WIND IN JOU HARE

Die nuwe Volkswagen EOS sportmotor is nou by Noordwes VW op Lichtenburg beskikbaar. Dié sportiewe cabriolet het 'n harde afslaandak met 'n glassondak en is 'n eerste in dié segment. Vir meer inligting skakel Marietjie Burger by (018) 633-1324.

Ken jou handelsmerke

Noordfed het 'n verskeidenheid mieliemeelprodukte waarvan Vita Braaipap een is. Vita Braaipap is 'n heerlike bykos met 'n braai. Roer gerus 'n eetlepel botter in net voor dit vir opskep voorgesit word (biltongstukkies kan ook ingeroer word vir ekstra lekker smaak!). Noordfed gaan vanaf Junie vanjaar ook geel braaipap vir die braaivleisliefhebber bemark. Kyk gerus by jou naaste handelswinkel hiervoor uit.

Personeelskuiwe, bevorderings en aanstellings

Die volgende personeel is onlangs bevorder of in diens van NWK aangestel:

Landboubestuursdienste

Johan Koekemoer, voorheen werksaam by NWK, is sedert 1 April terug as besproeiingskundige by Landboubestuursdienste. Hy het 'n diploma in akkerbou. Johan sal professionele landboukundige advies en dienste aan produsente verskaf, waarvan besproeiingsadvies 'n groot deel uitmaak.

Ander dienste wat deur Johan gelewer gaan word, sluit in:

- Besproeiingskedulering
- Akkerboukundige aanbevelings
- Produksiebeplanning
- Algemene akkerboupraktyke

Wimpie Maré het ook onlangs by Landboubestuursdienste as grondkunde-tegnikus aangesluit. Hy gaan produsente help om al die grondkundige aspekte in 'n enkele boerderyplan te integreer om sodoende elke stuk grond optimaal te laat produseer. Ten einde die grond as hulpbron optimaal aan te wend, word die onderskeie grondeenhede geïdentifiseer en op 'n plaaskaart aangedui. 'n Plaasbeplanning word in samewerking met die produsent uitgevoer om die plaas optimaal aan te wend.

Graandienste

Patrick van Wyk, voorheen van Gerdau, is na Biesiesvlei as depotbestuurder bevorder.

Handel

Cas Venter is vanaf 1 Maart die nuwe bestuurder: Handel Administrasie.

Herman Biewenga, voorheen van Coligny, is bevorder tot winkelbestuurder: Buhrmannsdrif.

Econobuild op Mafikeng het ook 'n nuwe assistent-winkelbestuurder: Thys Goosen.

Epkor

Johan Snyman is vanaf 1 Maart aangestel as die bestuurder by Epkor in Johannesburg. Hy was voorheen bestuurder by Nampak se fabriek in Polokwane.

Johan Koekemoer

Wimpie Maré

Johan Snyman

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Jan du Toit

Jan du Toit werk al sedert 1988 by NWK en is sedertdien – met die entoesiasme en liefde vir personeelwerk wat eie aan sy aard is – bevorder tot waar hy vandag is: bestuurder: Menslike Hulpbronne.

Hy het 'n diploma in Ingenieurswese, 'n BA in Bedryfs- en Personeelsielkunde en ook sy HBA- en MBA-grade.

Loopbaanpad

Jan het in 1968 by Yskor Vanderbijlpark in 'n tegniese rigting begin werk, later klas gegee by die tegniese kollege en het in 1974 weer by Yskor begin werk waar hy bevorder is tot area personeelbestuurder van verskeie departemente. In 1984 het hy vir Yskor werwing van verskeie kategorie vakmanne in Engeland, Wallis en Skotland gedoen en was ook betrokke by die opleidingsprogramme van Yskor se ingenieurs en ingenieurstegnici.

In Januarie 1988 sluit Jan hom by NWK as personeelbestuurder aan en is as gevolg van die toename in arbeidsverhoudinge en verandering in arbeidswetgewing na 'n nuwe pos, bestuurder: Arbeidsverhoudinge, oorgeplaas. In 2000 word Jan bevorder tot bestuurder: Menslike Hulpbronne, waarby die funksies van sy vorige pos geïntegreer is.

Verantwoordelikheid

Jan is tans verantwoordelik vir die volgende afdelings:

- Vakkundige dienste; wat arbeidsbetrekkinge o.a vakbondonderhandelings, werwing en keuring, opleiding en ontwikkeling, regstellende aksie, vaardigheidsontwikkeling, studiehulp en poswaardering insluit.
- Vergoedingsadministrasie; wat die administrasie van salarisse, verlof, bonusse, pensioenfonds- en mediesefondsaangeleenthede, vergoedingsondersoeke, ongevalleversekering, stelselontwikkeling en rekonsiliasies insluit.
- Eiendomme en kantoordienste; wat alle NWK eiendomme, kantoordienste, ontvangs, telefoniste, registrasie, posmotors en die drukkery insluit.

Jan is getroud met Mynie, 'n apteker van beroep en hulle het drie seuns: Janco (29), Roelf (26) en Abri (23).

VERHUIS? VERANDER JOU ADRES

NWK Koördinaat lesers wat intussen verhuis het en nog steeds graag *NWK Koördinaat* wil ontvang, kan hulle adresverandering vir Johan Bezuidenhout (bestuurder: Bemarkingsdienste) deurgee.

Stuur 'n faks, vir aandag Johan Bezuidenhout, na (018) 633-1916. Jy kan ook 'n e-pos stuur na *jbezuidenhout@nwk.co.za* of stuur dié vorm per pos na NWK Hoofkantoor, Johan Bezuidenhout, Posbus 107, Lichtenburg, 2740.

Adresverandering vir *NWK Koördinaat*

Voorletters en van: _____
Lidnommer: _____
Ou adres: _____
Nuwe adres: _____

Wen!

'n Gelukkige leser kan hierdie Salton Deep Fryer ter waarde van R400 wen. Dit het 'n 3 liter kapasiteit met 'n verwyderbare emalje bak, koue aanraking omhulsel en veranderlike temperatuurkontrole.

Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Van wanneer tot wanneer is die NAMPO Oesdag?**

Skryf só in

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Johan Bezuidenhout, NWK Bemarkingsdienste, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks: (018) 633-1916 of e-pos: *jbezuidenhout@nwk.co.za.* Inskrywings moet Johan voor of op **15 Junie 2007** bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan Rudolph Erasmus van Sannieshof wat die Easy Painter gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____
_____
Lidnommer: _____
Adres: _____
_____
Tel: _____
Sel: _____
Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – nie NWK personeel nie.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.

NWK KOÖRDINAAT

***NWK Koördinaat* is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Bemarkingsdienste deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Estie de Villiers (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks
Your ideas can fly

Alle regte van die inhoud van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.